agra
SERVICE•RANGE•COUNTRYWIDE

# RING

AGRA CO-OPERATIVE LTD MEMBERS' NEWSLETTER / AGRA KOÖPERATIEF BPK SE LEDE NUUSBRIEF

## LEWENDE HAWE VERTONINGS HOOGTEPUNT VAN 2007 SKOUPROGRAM

Die Windhoek skou wat Namibië se grootste landbou- en handelskou is, het van 28 September tot 6 Oktober 2007 plaasgevind. Produsente vanoor die hele land en ook Suid Afrika het saamgetrek om hul diere ten toon te stel, saam te gesels oor ontwikkelinge in die industrie en ook top genetiese materiaal te bekom op die stoetveiling wat deur Agra aangebied was.

Die skouvereniging het weer hul jaarlikse vertonersonthaal op 1 Oktober aangebied. Die geleentheid is ook deur Agra geborg. Peter Kazmaier, hoof uitvoerende beampte van Agra het in sy borgtoespraak gesê dat ten spyte van die alomteenwoordigheid van negatiewe ekonomiese faktore soos lae reënval syfers, onbekende mark vooruitsigte en die stygende petrol pryse, kan Agra met trots terug kyk op 'n landbou jaar wat vele hoogtepunte ingehou het en wat ons die voorreg gehad het, om deel van te wees.



Die skouweek was ook weereens gekenmerk deur verskeie kampioenskappe wat gehou is in die groot- en kleinvee afdelings. Agra het ook hier as borg ruim bygedra tot die sukses van hierdie kampioenskappe.

Dit is egter Agra se grootvee veiling wat op Vrydag, 5 Oktober 2007 by die Agra/Standard Bank Ring aangebied is, wat die week van lewende hawe vertonings op 'n hoogtepunt afgesluit het. Die skouveiling vir grootvee is weereens baie suksesvol deur Agra aangebied waarvan 39 diere van verskillende beesrasse verkoop is. Hierdie veiling het baie belangstelling uitgelok, plaaslik sowel as kopers vanuit Suid Afrika het die veiling bygewoon.

'n Nuwe Namibiese prysrekord vir alle rasse en Suidelike Afrika rekord is opgestel waartydens 'n koper uit Suid Afrika, N$135 000 betaal het vir 'n Simbra bul wat afkomstig is van die Rumba Simbra stoet van Hardus Breedt van Grootfontein. Die bul, by name "Dollar" het die toekenning as Standard Bank Bul van die Jaar ontvang en is ook die vader van die Groot Kampioen van Kampioene, "Dorka", 'n Simbra koei wat ook afkomstig is van die Rumba Simbra stoet.



Die gemiddelde pryse vir die onderskeie rasse op die veiling behaal is as volg:

| | |
|---|---|
| Brahmane | N$26 571 |
| Brangus | N$20 000 |
| Braunvieh | N$29 250 |
| Simbra | N$49 166 |
| Simmentaler | N$29 600 |
| Sussex | N$25 500 |

Die telers het vanjaar baie moeite gedoen om hulle beste kwaliteit diere op die skouveiling ten toon te stel. Beoordelaars het nie 'n maklike taak gehad tydens die beoordelings van die verskillende rasse en inter-ras kampioenskappe nie. Martin Sefferdt, 'n beoordelaar uit Suid Afrika het genoem dat die diere wat ten toon gestel is, van uitstaande kwaliteit was en dat elke dier, 'n wenner in eie reg is. Van Agra se kant wil ons alle vertoners en selfs telers wat hulle diere tydens die grootvee veiling te koop aangebied het, baie gelukwens met die uitstekende voorbereidings wat hulle deur die jaar gedoen het om top kwaliteit diere na die Agra skouveiling te bring.

Agra se handelsafdeling het ook weer vanjaar saam met Safari Den, Auas Vet Med, Auas Wholesalers en verskeie verskaffers uitgestal. Produsente het ook geleentheid gehad om direk met verskaffers van ondermeer veemedisyne en veevoere, te gesels.

Agra was ook betrokke as borg by die lewende hawe vertoners aand, boerbok kampioenskappe, Simbra kampioenskappe asook die dubbeldoel inter-ras kampioenskappe van die Windhoek skou.

# REDAKSIONEEL

Dit het weer tyd geword vir lede om kennis te dra van die Algemene Jaarvergadering van Agra wat op 29 November in Windhoek gaan plaasvind. Lede kan hulself vergewis van die kennisgewing hiernaas en agenda wat op bladsy 4 en 5 verskyn in hierdie uitgawe van die Ring.

Die Algemene Jaarvergadering is een geleentheid waar lede ingelig word oor die aktiwiteite van die Koöperasie en waar die finansiële stand van hulle organisasie voorgehou word. Lede kry die geleentheid om teenoor die direksie en bestuur hulle menings te lug rakende noodsaaklike aangeleenthede in belang van die koöperasie. Graag versoek ons alle lede om die vergadering bytewoon en daardeur 'n bydrae te lewer.

Ons wil graag alle lede in kennis stel dat Bank Windhoek die finansiële dienste oorgeneem het by Standard Bank en dat nuwe bankrekeninge geopen en reeds in werking is. Graag versoek ons lede om hulself te vergewis van die nuwe bank besonderhede vir elektroniese betalings asook betalings van lewende hawe rekeninge.

Agra se webblad beskik nou oor vars inligting vir sy lede. Lede kan nou direk vanaf die webblad inligting bekom rakende hul rekeninge. Hierdie is 'n addisionele diens wat geskep is vir lede om vinnige en maklike toegang tot hul rekeninge te verkry. Besoek gerus die Agra webwerf by www.agra.com.na om uself te vergewis.

Die Karakoel bedryf herskryf hom keer op keer in die rekordboeke. Tydens die KTG Elite Produksieveiling wat gehou was op 14 September het 'n koper van Suid Afrika N$38 000 betaal vir 'n karakoel ram. Die ram is afkomstig van **Lovedale Farming**. Hierdie is dan ook 'n nuwe wêreld rekord wat opgestel is vir 'n karakoel ram!

Dit is aangenaam om u mee te deel van die aanstelling van Dr Rainer Hassel as diere wetenskaplike by Agra. Dr Hassel is 'n bekende in die dieregesondheid sektor en lede kan uitsien na 'n reeks opvoedkundige artikels oor hierdie onderwerp in die Ring.

Agra Gobabis is aangewys as die beste stalletjie in die handels kategorie tydens die Gobabis skou wat plaasgevind het van 24-26 September. Dit het aan hulle 'n goue toekenning besorg. Baie geluk aan Jurgen en sy span!

Lede is baie welkom om te reageer op artikels wat verskyn of selfs 'n bydrae vir 'n uitgawe te lewer. Stuur u bydraes en reaksie aan die Bemarkingsbestuurder van Agra, Birgit Hoffmann by Privaatsak 12011, Windhoek of per e-pos aan **birgith@agra.com.na**

Groete tot 'n volgende uitgawe!

Alida Coertzen
Kommunikasiebeampte
Privaatsak 12011
Windhoek
Tel: 061-290 9234
E-pos: alidac@agra.com.na

## KENNISGEWING VAN DIE SEWE-EN-TWINTIGSTE ALGEMENE JAARVERGADERING VAN LEDE VAN AGRA (KOÖPERATIEF) BEPERK

KENNIS geskied hiermee van die sewe-en-twintigste Algemene Jaarvergadering van Lede van AGRA (KOÖPERATIEF) BPK. wat gehou sal word op die plek en datum soos hieronder aangedui.

**PLEK:** SKW SAAL (OLYMPIA)
Sean McBride Straat, WINDHOEK

**DATUM:** 29 NOVEMBER 2007

**TYD:** 09:00 (Registrasie 08:30)

IN OPDRAG VAN DIE RAAD

L van Wyk
Sekretaris
Privaatsak 12011, WINDHOEK
20 September 2007

## NOTICE OF THE TWENTY SEVENTH ANNUAL GENERAL MEETING OF MEMBERS OF AGRA (CO-OPERATIVE) LIMITED

NOTICE is hereby given that the twenty seventh Annual General Meeting of members of AGRA (CO-OPERATIVE) LIMITED will be held at the place and date as mentioned below.

**VENUE:** SKW HALL (OLYMPIA)
Sean McBride Street , WINDHOEK

**DATE:** 29 NOVEMBER 2007

**TIME:** 09:00 (Registration 08:30)

BY ORDER OF THE BOARD

L van Wyk
Secretary
Private Bag 12011, WINDHOEK
20 September 2007

## Give someone special an Agra gift voucher

Battling with a gift for someone who seems to have it all? Trying to say thank you in a lasting way?

Give someone special the perfect choice. Give them the option to choose something they really like, a gift they will remember and use for a long time.

Give them a gift voucher for any Agra branch as a special bonus, farewell gift … even as part of the year-end package. Recipients can even collect vouchers to save for a larger item ... and best of all, you know your contribution is well spent.




Agra gift vouchers … money well spent, gifts happily received … countrywide.

For more information,

contact us on (061) 290 9111,

marketing@agra.com.na or your nearest branch.

agra
SERVICE • RANGE • COUNTRYWIDE

For more information contact us at tel (061) 290 9111, marketing@agra.com.na, www.agra.com.na

# SAKELYS

1. **Opening, verwelkoming en konstituering.**

2. **Goedkeuring van die notule van die Ses en Twintigste Algemene Jaarvergadering van lede soos gehou op 23 November 2006 te Windhoek.** (Bogenoemde notule sal by alle takke ter insae wees)

3. **Oorsig deur die Hoof Uitvoerende Beampte ten opsigte van die finansiële jaar geëindig 31 Julie 2007.**

4. **Goedkeuring van:-**
   - 4.1 Verslag van die Raad van Direkteure
   - 4.2 Honorarium van Direkteure en Toesighoudende Komiteelede
   - 4.3 Ouditeursvergoeding vir die afgelope finansiële jaar
   - 4.4 Finansiële state soos op 31 Julie 2007

5. **Begroting 2007/2008**
   - 5.1 Oorsig
   - 5.2 Goedkeuring

6. **Aanwys van Direkteure:**

   Streek 1 (Noord)
   Een Vakature
   Genomineer: Mnr BH Mouton

   Streek 2 (Sentraal)
   Herkiesbaar: Mnr R. Van der Merwe
   Geen ander nominasies ontvang

   **Aanwys van Toesighoudende Komitee Lede:**

   Streek 2 (Sentraal)
   Herkiesbaar: Mev S Shikongo
   Genomineer: Mnr GA Friedrich

   Streek 3 (Suid)
   Een vakature
   Geen nominasies ontvang

7. **Intrekking van aandele** kragtens Artikel 10.3 van die Statuut ten opsigte van lede wat boerdery permanent **gestaak** het. (Vergelyk inligting stukke wat by alle takke ter insae sal wees)

8. **Intrekking van aandele** kragtens Artikel 13.1 van die Statuut ten opsigte van lede van Agra wat **bedank** het. (Vergelyk inligting stukke wat by alle takke ter insae sal wees)

9. **Mosies**:
   Geen mosies is ontvang nie.

10. Kragtens Artikel 22.1.5 van die Statuut, **enige ander besigheid** wat tydens 'n algemene jaarvergadering hanteer mag word:

**IN OPDRAG VAN DIE RAAD**
L van Wyk
Sekretaris
PRIVAATSAK 12011,
WINDHOEK
20 September 2007

**GEREGISTREERDE ADRES:**
Bessemerstraat 8, Privaatsak 12011, Windhoek.
**BANKIERS**: Standard Bank Namibia Beperk.
**OUDITEURE**: PricewaterhouseCoopers
**PROKUREURS**: Engling, Stritter & Vennote.

## LET WEL:

Prosedure van toepassing op die Algemene Jaarvergadering vir algemene inligting:

1. 'n Beskrywingspunt wat deur 'n lid ingedien is, moet verkieslik in eie persoon ingelei word sodat dit behoorlik gemotiveer en bespreek kan word.
2. Die uitslag van die stemmetal ten gunste van of teen elke mosie en die uitslag van die verkiesing van direkteure en lede van die Toesighoudende Komitee, word op die vergadering bepaal.
3. Uittredende lede van die Toesighoudende Komitee wat hulleself beskikbaar stel vir verkiesing as lede van die Toesighoudende Komitee of die Raad, in watter hoedanigheid ook al, word outomaties as genomineer beskou in die betrokke streek waarin hy/sy woonagtig is.
4. Direkteure word verkies volgens die streek waarin hy/sy woonagtig is.
5. Die kworum sal volgens Artikel 22.10 van die Statuut op die vergadering bepaal word.
6. Volmagte moet Agra se Hoofkantoor in Windhoek nie later as **27 November 2007 om 16:00** bereik nie.

# AGENDA

1. **Opening, welcome and constitution**.

2. **Approval of the minutes of the Twenty-Sixth Annual General Meeting of members held on 23 November 2006 in Windhoek.** (Refer to the abovementioned minutes, available for inspection at all branches)

3. **Overview of the financial year ended 31 July 2007 by the Chief Executive Officer of Agra**.

4. **Approval** of:-
   4.1 Report by the Board of Directors
   4.2 Honoraria for Directors and Supervisory Committee members
   4.3 Auditors remuneration for the past financial year
   4.4 Financial statements as at 31 July 2007.

5. **Budget 2007/2008**
   5.1 Overview
   5.2 Approval

6. **Appointment of Directors:**

   Region 1 (North)
   One vacancy
   Nominated: Mr. BH Mouton

   Region 2 (Central)
   Eligible for re-election:Mr. R van der Merwe
   No other nominations received

   **Appointment of Supervisory Committee:**

   Region 2 (Central)
   Eligible for re-election: Mrs. S Shikongo
   Nominated: Mr. GA Friedrich

   Region 3 (South)
   One vacancy
   No nominations received

7. **Withdrawal of shares** in terms of Section 10.3 of the By-Laws in respect of members who have **ceased farming activities** permanently. (Refer information available for inspection at all branches)

8. **Withdrawal of shares** in terms of Section 13 of the By-Laws in respect of members of Agra who **resigned** (Refer information available for inspection at all branches)

9. **Motions:**
   No motions have been received.

10. Subject to Section 22.1.5 of the By-Laws any other business that may be dealt with at an Annual General Meeting.

**BY ORDER OF THE BOARD**
L van Wyk
Secretary
PRIVATE BAG 12011,
WINDHOEK
20 September 2007

**REGISTERED ADDRESS:**
8 Bessemer Street, Private Bag 12011, Windhoek
**BANKERS:** Standard Bank Namibia Limited
**AUDITORS:** PricewaterhouseCoopers
**ATTORNEYS:** Engling, Stritter & Partners

## PLEASE NOTE:

General information relating to procedures applicable to the Annual General Meeting.

1. A discussion point submitted by a member should preferably be introduced by such a member in person to ensure proper motivation and discussion.
2. The result of the vote count for or against every motion and the result of the election of Directors and Members of the Supervisory Committee will be determined at the meeting.
3. Retiring members of the Supervisory Committee, who make themselves available for re-election as members of the Supervisory Committee or the Board, in whichever capacity, are deemed to be nominated automatically in the region he/she resides in.
4. Directors are elected according to the region he/she resides in.
5. The quorum will be determined at the meeting in terms of Section 22.10 of the Statute.
6. All proxies must be lodged not later than **27 November 2007 at 16:00** at Agra Head Office, Windhoek.

## KENNISGEWING VAN 'n VERKIESINGSVERGADERING VAN TOESIGHOUDENDE KOMITEE LEDE STREEK 2 (SENTRAAL)

*KENNIS* geskied hiermee van 'n verkiesingsvergadering vir Lede van die Toesighoudende Komitee vir Streek 2 (Sentraal) wat gehou sal word op die plek en datum soos hieronder aangedui.

**PLEK**: SKW SAAL (OLYMPIA)
Sean McBride Straat
WINDHOEK

**DATUM**: 29 NOVEMBER 2007

**TYD**: 08:00
(Registrasie 07:30)

Slegs lede van Streek 2 (Sentraal) is geregtig om te stem: *Karibib, Omaruru, Okahandja, Windhoek, Gobabis, Rehoboth*

**SAKELYS**

1. Opening en konstituering
2. Verkiesing: Toesighoudende Komitee Streek 2 (Sentraal)
   Herkiesbaar: Mev S Shikongo
   Genomineer: Mnr GA Friedrich

IN OPDRAG VAN DIE RAAD

L van Wyk
Sekretaris
Privaatsak 12011, WINDHOEK
10 Oktober 2007

## NOTICE OF AN ELECTION MEETING OF MEMBERS OF THE SUPERVISORY COMMITTEE REGION 2 (CENTRAL)

*NOTICE* is hereby given that an election meeting of members of the Supervisory Commitee for Region 2 (Central) will be held at the place and date as mentioned below.

**VENUE**: SKW HALL (OLYMPIA)
Sean McBride Street
WINDHOEK

**DATE**: 29 NOVEMBER 2007

**TIME**: 08:00
(Registration 07:30)

Please note only members of Region 2 (Central) are eligibe to vote: *Karibib, Omaruru, Okahandja, Windhoek, Gobabis, Rehoboth*

**AGENDA**

1. Opening and constitution
2. Election of Supervisory Committee Region 2 (Central)
   Eligible for re-election: Mrs S Shikongo
   Nominated: Mr GA Friedrich

BY ORDER OF THE BOARD

L van Wyk
Secretary
Private Bag 12011, WINDHOEK
10 October 2007

# IMPORTANT NOTICE FOR MEMBERS & CLIENTS
## AGRA ESTABLISHES NEW RELATIONSHIP WITH BANK WINDHOEK

We would like to inform our members and clients of a new relationship entered into with Bank Windhoek. Bank Windhoek, as financial institution has taken over from Standard Bank the banking services rendered to Agra and new banking accounts have already been opened for the various business units of Agra. This opportunity we use to share important information with our members and clients who have an interest in Agra's business.

Agra members and clients should please pay urgent attention to the following:

**ELECTRONIC PAYMENTS - AGRA TRADE ACCOUNTS ONLY**

When making electronic payments for your Agra trade account, the following bank account details will apply:

| | |
|---|---|
| Account Name: | Agra Electronic Payments |
| Bank: | Bank Windhoek |
| Branch: | Sanlam Centre, Windhoek |
| Branch Code: | 486372 |
| Account Number: | 8001 495 664 |

Furthermore, we appeal to all our customers to indicate their **Agra account number** as reference when paying electronically.

We would like to remind our members that electronic transfers from Bank Windhoek can take one (1) working day before they show on Agra's bank statement. Electronic payments from other banks can take up to three (3) working days before they show on Agra's bank statement.

**SAFARI DEN/AUAS VET MED/AUAS WHOLESALERS ACCOUNT PAYMENTS**

We would like to point out that separate statements are issued for Safari Den, Auas Vet Med and Auas Wholesalers. Payments for each of these accounts should be done separately into the respective bank accounts.

Bank account details for Safari Den, Auas Wholesalers and Auas Vet Med are as follow:

**Safari Den**

| | |
|---|---|
| Account Name: | Safari Den |
| Bank: | Bank Windhoek |
| Branch: | Sanlam Centre, Windhoek |
| Branch Code: | 486372 |
| Account Number: | 8001 505 829 |

**Auas Wholesalers**

| | |
|---|---|
| Account Name: | Auas Wholesalers |
| Bank: | Bank Windhoek |
| Branch: | Sanlam Centre, Windhoek |
| Branch Code: | 486372 |
| Account Number: | 8001 502 759 |

**Auas Vet Med**

| | |
|---|---|
| Account Name: | Auas Vet Med |
| Bank: | Bank Windhoek |
| Branch: | Sanlam Centre, Windhoek |
| Branch Code: | 486372 |
| Account Number: | 8001 502 424 |

**LIVESTOCK ACCOUNT PAYMENTS**

Agra bank details for livestock payments have also changed. New banking details for the three livestock regions are as follow:

**Northern Region**

| | |
|---|---|
| Account Name: | Agra Livestock North |
| Bank: | Bank Windhoek |
| Branch: | Sanlam Centre, Windhoek |
| Branch Code: | 486372 |
| Account Number: | 8001 497 011 |

**Central Region**

| | |
|---|---|
| Account Name: | Agra Livestock Central |
| Bank: | Bank Windhoek |
| Branch: | Sanlam Centre, Windhoek |
| Branch Code: | 486372 |
| Account Number: | 8001 497 031 |

**Southern Region**

| | |
|---|---|
| Account Name: | Agra Livestock South |
| Bank: | Bank Windhoek |
| Branch: | Sanlam Centre, Windhoek |
| Branch Code: | 486372 |
| Account Number: | 8001 495 488 |

It is also very important that livestock clients state their account name and Agra account number when doing livestock account payments into the various bank accounts.

All of the above mentioned bank accounts are in operation as with immediate effect. We wish to thank all our loyal Agra members and clients for their cooperation in this regard and looking forward to a continuous and healthy business relationship.

Should there be any queries or questions with regard to the new Bank Windhoek accounts, please direct such queries to Hannes Brits at telephone 061-290 9236.

# NEW CORPORATE CLOTHING ENHANCES AGRA'S IMAGE

Every aspect of our operations, from the quality of our products, the standard of our services to the appearance of our staff and buildings, affects Agra's corporate image.

It is against this background that Agra introduced a new corporate clothing range.

So . . . when making your next trip to your local Agra branch, you will definitely be welcomed by our friendly staff showing off their newly attired corporate wear.

At Agra we strive to give a great service experience to our customers countrywide hence keeping a positive image visible.



# AGRA APPOINTS ANIMAL SCIENTIST - DR RAINER HASSEL

Well known veterinarian, Dr Rainer Hassel joined the ranks of Agra as animal scientist from the 1st October 2007. Dr Hassel completed his tertiary education in 1977 when he received a degree in veterinary science from the University of Pretoria. He started his professional career in 1978 as a state veterinarian in the government services in Keetmanshoop, Omarura and Windhoek. Dr Hassel left the government services at the end of 1982. He opened a companion animal practice in Windhoek in 1983 and practiced as a private veterinary practitioner until the end of September 2007.

Dr Hassel served on numerous professional boards amongst others as an elected member of the Veterinary Council of Namibia for 8 years, including vice President and President from 1994 until 1996. He was also an elected member and vice president of the Veterinary Association of Namibia and currently holds the position of Immediate Past President and Treasurer. Dr Hassel is also a Trustee of the Cheetah Conservation Fund with whom Agra has a sound co-operation agreement for training farm workers. Dr Hassel contributed multiple articles on the Kudu Rabies Epizootic in Namibia for publication in the South African Journal of Science and the Journal of the South African Veterinary Association.

Dr Hassel will serve Agra in a general advisory and support capacity regarding all aspects of animal health and veterinary side of its business. His duties, among others, will include training of staff involved in the sale of veterinary medicines and instruments, assist Agra with its training programmes for farm workers and new farmers. He will also be available as a speaker on animal health topics for farmers' days and farmers' association meetings. His main responsibility will, however be to



improve, extend and promote the services of Auas Vet Med.

Dr Hassel's appointment as animal scientist will add a tremendous value to the services which Agra provides to its customers and Agra's business growth in the veterinary and animal health sector.

# MEMBERS CAN ACCESS ACCOUNTS WITH THE CLICK OF A BUTTON

Have you ever been frustrated for not receiving your Agra account statement on time? Now you can receive your Agra account statement directly from our website.

Agra added a new and exciting edition to its website. We lately included a members' portal on the website whereby members can get easy access to their accounts. Members can look up their account details and statements, as well as their account limits, with the click of a button.

All you have to do is to follow these easy steps that will give you all the information you would like to know on your Agra account. This is a great tool for members to use, especially when you haven't visited your local post office lately.

For quick and easy access to your Agra members' account, please follow these easy steps:

- Open our website at www.agra.com.na
- Click on the option "Members Portal"
- You will have entered the financial information screen which will give you a number of options you can choose from.
- Remember! You have to register first before you can open any of the options available. Your email address is compulsory upon registering your information.
- After you have registered, you will receive a login ID and password.
- The members' portal gives you freedom to a number of account options. You can look up your current credit status, your monthly statement history, you can even get information on the last monthly statement as well as your current monthly statement. You also have the option to change your password regularly.

If you have multiple accounts at Agra or any of the affiliated businesses, you will be able to subtract your account information on all of your accounts. You will still receive your Agra account statement via the postal services.

Please take a moment and explore this new edition to our website by opening the Agra website at www.agra.com.na



***Flip de Bruyn, finansiële bestuurder van Agra vergewis homself met die nuwe toevoeging tot die webblad.***

# NEW ANGLING RANGE AVAILABLE FROM SAFARI DEN

Have you seen lately what Safari Den has to offer? Safari Den is proud to introduce their new and latest range of angling gear which compliments their existing range of products. The new range include Adrenalin Surf-Master rods, Omoto and Sahrika reels, rod holders, top quality Mustad hooks and Xalin fishing line for the see, to freshwater spinning and casting rods and reels for fresh-water fishing.

The festive season is around the corner and Christmas shopping is inevitable. Safari Den will assist you in selecting a fine range of fishing gear that will be a very much welcomed gift for the fishing enthusiast!

"We are proud of the quality and workmanship of the Omoto range of reels and we believe every user of these products will feel and experience the pleasure of fishing, as it was mend to be." said Dirk Coertzen, Safari Den Manager.

Safari Den trades from the Auas Valley Shopping Centre and is more than your one-stop safari and outdoor shop. It is well worth to visit Safari Den for their wide range of hunting, camping, safari and rifle sporting needs. With the summer season in full swing, Safari Den offers you quality service, expertise and advice tailored to meet your outdoor needs. Safari Den's latest product range is readily available from all Agra branches countrywide.




For further enquiries about this exciting range of fishing products, please contact SAFARI DEN at telephone 061-290 9294 or your nearest Agra branch.

## SAFARI DEN GROEPERING SKIETKOMPETISIE BY STAMPRIET OORTREF VERWAGTINGE

Safari Den het weereens 'n baie suksesvolle groepering skietkompetisie aangebied by die Stampriet Skou wat van 5 - 7 September plaasgevind het. Safari Den se mikpunt was om 200 teikens van 4 rondtes elk te skiet oor die 2 dae periode, en ons kan voorwaar rapporteer dat hulle die mikpunt oortref het met 207 teikens wat geskiet was.

Hardwerkende en toegewyde personeel asook 'n groot borgskap van Agra en PMP was die sleutel tot die sukses van hierdie groepering skietkompetisie.

Deelnemers aan die kompetisie was vol lof vir die professionele wyse waarop die kompetisie aangebied was.

"Die waarde wat julle by ons skou bygedra het, is onmeetbaar" was van die komplimente wat aan Safari Den toegesê was.

Die algehele wenner van die dag was Manus Kotze van Koës wat 'n groepering van 9.68 mm geskiet het. Dit plaas hom top 20 op die Suid Afrikaanse ranglys vir groepering skiet wat inderdaad 'n merkwaardige prestasie is.



***Manus Kotze, algehele wenner van die Safari Den groepering skietkompetisie ontvang die 1st prys van Dirk Coertzen, Bestuurder van Safari Den en JC Muller van PMP wat alle ammunisie geborg het tydens die kompetisie. Manus het 'n geweer met teleskoop en geweersak ontvang as eerste prys wat deur Agra geborg was.***

## NATIONAL DORPER CHAMPIONSHIPS

Agra hosted the National Dorper Championships from 29 - 31 August 2007 at Keetmanshoop with a sponsorship of N$10 000 towards the prizegiving function.

The Namibian Dorper Breeders' Association had the privilege to have Ernest Connan from South Africa, also President of the International Dorper Breeders' Association as one of the judges. Mr Connan, at the Dorper prize giving function commended the Namibian Breeders on the excellent genetic quality of the local Dorpers. He said that Namibian breeders are distinguished from other breeders by their vision to acquire a Dorper breed which is adapted and produce outstanding quality under the local conditions.



***(v.l.n.r) Pieter van Schalkwyk, voorsitter van die Namibiese Dorpertelersgenootskap, die wenners van die Groot Kampioen Ooi en Ram, Kosie Esterhuysen en Philip Strauss saam met Ernest Connan, President van die Internasionale Dorpertelersgenootskap wat as hoofbeoordelaar opgetree het.***

# TERUGVOERING VAN AGRA STOETVEILINGS - SEPTEMBER 2007

**Duikersvlei Gesamentlike Produksieveiling - 05/09/07**

| Aantal Verkoop | Beskrywing | Gemiddelde N$ Prys |
|---|---|---|
| 4 | Bonsmara Bulle | 17 750.00 |
| 2 | Brahman Bulle | 17 000.00 |
| 4 | Simmentaler Bulle | 15 500.00 |

Die duurste bul van die veiling was 'n Bonsmara bul van Jörg von Dewitz wat vir N$24 000.00 verkoop is aan Moniqi Farming van Gobabis.

**"Eastern Genetics" Veiling, Gobabis - 07/09/07**

| Aantal Verkoop | Beskrywing | Gemiddelde N$ Prys |
|---|---|---|
| 1 | Bonsmara Bul<br>Bonsmara Verse | 14 000.00<br>4 533.33 |
| 2 | Charolais Bulle | 16 250.00 |
| 3 | Santa Gertrudis Bulle<br>Santa Gertrudis Koeie<br>Santa Gertrudis Verse | 24 000.00<br>5 382.50<br>3 300.00 |
| 1 | Simmentaler Bul | 21 000.00 |

Die duurste bul was 'n Santa Gertrudis bul van MC Human wat vir N$41 000.00 verkoop is aan Oosthuizensrust cc van Gobabis.

**Stampriet Bulveiling - Stampriet - 07/09/07**

| Aantal Verkoop | Beskrywing | Gemiddelde N$ Prys |
|---|---|---|
| 6 | Brahman Bulle | 21 916.67 |
| 4 | Brangus Bulle | 13 375.00 |
| 17 | Brangus Verse | 4 573.63 |
| 2 | Limousin Bulle | 15 000.00 |
| 1 | Nguni Bul | 7 000.00 |
| 6 | Nguni Verse | 6 300.00 |

Die duurste bul was 'n Brahman bul van J D Oberholzer wat vir N$35 000.00 verkoop is aan Vleisblok (Edms) Bpk, Gobabis.

**"Central Select" Veiling, Agra/Standard Bank Ring, Windhoek - 12/09/07**

| Aantal Verkoop | Beskrywing | Gemiddelde N$ Prys |
|---|---|---|
| 6 | Brahman Bulle | 16 200.00 |
| 3 | Limousin Bulle | 19 000.00 |
| 1 | Limousin Koei & Kalf<br>Limousin Verse | 10 000.00<br>9 875.00 |
| 16 | Simbra Bulle<br>Simbra Verse | 42 375.00<br>12 411.76 |
| 16 | Simmentaler Bulle | 13 187.50 |

Die duurste bul was 'n Simbra bul van Diethelm Metzger wat vir N$124 000.00 verkoop is aan Falcon Conservation, Suid-Afrika.

**Bonsmara Nasionale Veiling, Agra/Standard Bank Ring, Windhoek - 14/09/07**

| Aantal Verkoop | Beskrywing | Gemiddelde N$ Prys |
|---|---|---|
| 23 | Bonsmara Bulle | 31 391.30 |
| 21 | Bonsmara Verse | 4 271.43 |

Die duurste bul was 'n bul van Mev E M Arnold wat vir N$72 000.00 verkoop is aan Bacab (Pty) Ltd van Rosh Pinah.

**KTG Elite Ramveiling, Keetmanshoop - 14/09/07**

| Aantal Verkoop | Beskrywing | Gemiddelde N$ Prys |
|---|---|---|
| 113 | Karakoel Ramme | 7 995.58 |
| 14 | Karakoel Ooie | 1 742.86 |
| 2 | Boerbok Ramme | 2 875.00 |

Die duurste Karakoel ram wat ook 'n nuwe **wêreldrekord** is, is 'n ram van Lovedale Farming wat vir **N$38 000.00** verkoop is aan W J N Louw van Kakamas in Suid Afrika.

**Mariental Dorper Streekveiling - 18/09/07**

| Aantal Verkoop | Beskrywing | Gemiddelde N$ Prys |
|---|---|---|
| 22 | Dorper Ramme | 3 465.91 |
| 9 | Dorper Stoetramme | 4 222.22 |

Die duurste stoetram was 'n ram van C J de Klerk wat vir N$6 000.00 verkoop is aan A M Zondagh van Mariental.

**"Superior Genetics" Veiling, Agra/Standard Bank Ring, Windhoek - 19/09/07**

| Aantal Verkoop | Beskrywing | Gemiddelde N$ Prys |
|---|---|---|
| 23 | Brahman Bulle | 24 000.00 |
| 1 | Hereford Bul | 12 000.00 |
| 12 | Simmentaler Bulle | 23 750.00 |
| 4 | Sussex Bulle | 15 000.00 |

Die duurste bul was 'n Brahman bul van Fred Redecker wat vir N$41 000.00 verkoop is aan M R Zamuee, Windhoek.

**Cobus van der Merwe: St Blaize Brahman & Sussex Veiling 21/09/07**

| Aantal Verkoop | Beskrywing | Gemiddelde N$ Prys |
|---|---|---|
| 15 | Brahman Bulle | 21 400.00 |
| 13 | Sussex | 18 538.46 |

Die duurste bul was 'n Brahman bul wat vir N$30 000.00 verkoop is aan R Semmler van Witvlei.

**Bonsmara Veiling van E Freyer & Seuns, Agra/Standard Bank Ring, Windhoek - 25/09/07**

| Aantal Verkoop | Beskrywing | Gemiddelde N$ Prys |
|---|---|---|
| 7 | Bonsmara Bulle | 21 714.29 |
| 22 | Bonsmara Verse | 4 727.27 |

Die duurste bul is vir N$27 000.00 verkoop aan Coomber - Vieranas van Kamanjab.

# ARIWA DORPERSTOET
## (WILLEM OLIVIER)

Die ***Ariwa Dorperstoet van Willem Olivier*** op die plaas Garicia, Aranos distrik, het die afgelope 4 Namibiese Kampioenskappe, wat elke 2de jaar gehou word, die 2de meeste punte behaal naamlik 2001, 2003, 2005 en 2007!

Hierdie stoet word gekenmerk deur goed veldaangepaste ramme met goeie bespiering, goeie lengte en besondere veldhouvermoë.

Die volgende prestasies is bereik tydens die 2007 Namibiese Nasionale Kampioenskappe:

- Ooilammers tot 40kg: 1ste en 4de plekke.
- Ooilammers 40 - 50kg: 3de en 4de plekke.
- Ooilammers 50 - 60kg: 5de plek.
- Ooilammers 60kg+: 3de en 4de plekke.
- Groep ooilammers van 3: 4de plek.
- 2-Tand ooie: 1ste, 4de en 5de plekke.
- 4-Tand ooie: 4de plek.

- Ramlammers tot 45kg: 1ste, 4de en 5de plekke.
- Ramlammers 45 - 60kg: 2de en 5de plekke.
- Ramlammers 60 - 75kg: 1ste, 2de en 4de plekke.
- Groepklas van ramlammers van 3: 3de, 4de en 5de plekke.
- 4-Tand ramme: 2de en 3de plekke.

- Groep van ram, ooi en 2 lammers: 3de en 5de plekke.

Punte:

- 1ste: Phillip Strauss - 91 punte.
- 2de: Willem Olivier - 71 punte.
- 3de: 20 Punte.
- 4de: 18 Punte.
- 5de: 13 Punte.
- 6de: 9 Punte.

***U word hartlik uitgenooi na my veiling en alle besoekers is altyd welkom!***

*Groete!*

*Willem Olivier*




agra
KLIËNTEDIENSLYN
(061) 290 9222

"Skakel ons gerus."



Agra verbind hom daartoe om 'n landswye goeie dienservaring aan ons kliënte te bied en die implementering van 'n kliëntedienslyn is die eerste stap in die vestiging van ons kliëntedienseenheid.

Hierdie kliëntedienslyn bied aan u die geleentheid om u ervaring van Agra se diens met ons te deel. Toegewyde personeel sal met u kommunikeer, probleme en oorsake van probleme identifiseer, oplossings vind en implementeer. Skakel ons gerus en help ons om die beste diens aan u te bied sodat Agra u eerste keuse sal wees.

agra
SERVICE • RANGE • COUNTRYWIDE

Vir meer inligting: (061) 290 9111, marketing@agra.com.na, www.agra.com.na